RAADSBELEID

ONDERWERP : KONTRAKWAARBORGE VIR KONSTRUKSIE- EN BOUPROJEKTE

VERWYSING : 8.1.R

BESLUIT NR : 15.1/06/2003 DATUM : 30 JUNIE 2003

BELEIDSOOGMERK : Finansiële waarborge word vereis by die toekenning van groter konstruksie- en boutenders, ten einde die Raad se belange te beskerm.

BELEIDSFILOSOFIE & BEGINSELS
Om die Raad teen die risiko van finansiële verliese te beskerm.

RIGLYNE
1. Onderskeid word tussen groot en klein konstruksie- en bouprojekte getref.

2. In die geval van kleiner projekte soos byvoorbeeld die bou van individuele toilette word daar nie kontrakwaarborge vereis nie, aangesien daar nie ‘n wesenlike risiko vir die Raad is nie.

3. In die geval van groter projekte en waar slegs die gedeeltelike voltooiing daarvan tot finansiële skade vir die Raad aanleiding sal gee, word ‘n waarborg deur ‘n finansieringsinstelling vereis.

4. In die geval van Opkomende Kontrakteurs in terme van die Raad se Kontrakteursontwikkelingsprogram kan die Raad self betrokke raak om die nodige finansiële waarborge te verkry. In so ‘n geval word die koste hieraan verbonde by die totale projekkoste ingereken.

PROSEDURE
1. By die uitvoering van ‘n konstruksie- of bouprojek van die Raad deur kontrakteurs, word ooreenkomstig die grootte en aard van die kontrak besluit of daar kontrakwaarborge vereis word of nie.

2. In gevalle waar kontrakwaarborge wél vereis word, verkry die kontrakteur self die waarborge en lê dit aan die Raad voor.

3. In die konteks van voorheen benadeelde groepe onder die Raad se Kontrakteursontwikkelingsprogram is die Raad behulpsaam met die verkryging van hierdie waarborge en word die koste daaraan verbonde, by die totale projekkoste ingereken.

ROLLE
Direkteur Tegniese Dienste
Hoof Siviele Ingenieursdienste
Hoof Elektrisiteit

VERWANTE BELEID
Prosedure by die beplanning en uitvoering van kapitaalprojekte en by die aanstelling van konsultante en kontrakteurs.

HERROEPINGS/WYSIGINGS
Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.